**ADMINISTRATIEWE SAKE BY AFSTERWE**

Miskien is 'n geliefde terminaal of pas oorlede. Mag die volgende woorde van Jesus troos bied:

*"Ek is die Opstanding en die Lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy/sy ook"* (Joh 11:25)

Die dood kom byna altyd te gou. 'n Mens is nog besig om die warboel emosies rondom die aftserwe van 'n geliefde te hanteer, dan word daar al 'n klomp praktiese besluite en reëlings van jou gevra. Sekere dinge sal jy eers na die dood beskikbaar hê, maar dit sal wys wees om heelwat aspekte wat kort na die dood gevra sal word, voor die tyd gereed te kry. Die volgende is belangrik:

1. ID boekies van oorledene en eggenoot/eggenote
2. Volle besonderhede van oorledene se eggenoot/eggenote en eie kinders
3. Oorspronklike doodsertifikaat
4. Huweliksertifikaat
5. Naam en adres van eksekuteur.
6. Oorspronklike jongste testament
7. Oorledene se jongste belastingaanslag en belastingnommer
8. Jongste bankstaat, tjekboek, spaarrekening staat ens.
   Dit mag dalk wys wees om vooraf te dink en te besluit oor tekenregte en geld vir 'n agtergeblewene
9. Alle dokumente i.v.m. beleggings
10. Titelaktes van alle eiendomme met volledige besonderhede
11. Alle lewensversekeringspolisse, en enige polisse ingevolge waarvan 'n sterftevoordeel betaalbaar is
12. Besonderhede van pensioenfonds en lidnommer. Adres van instansie wat pensioen bestuur
13. Besonderhede van mediese skema, lidmaatskap, lidnommer. Besonderhede van administrateurs van mediese fonds
14. Dokumentasie van alle voertuie
15. Besonderhede van alle uitstaande verpligtinge, bv dokters, kredietkaart ens.

Wanneer 'n familie oorval word deur die dood van 'n geliefde, is die volgende prosedures allereers nodig:

- 'n Dokter (verpleegkundige i.d. hospitaal) of ER 24 moet die dood bevestig en doodsertifikaat uitreik.
- Die begrafnisdiens (AVBOB, SAFFAS of ander instansie) moet gebel word. Verkieslik die organisasie waar die oorledene 'n polis gehad het. Hulle sal kom om die oorledene se liggaam te verwyder. Soms is dit goed vir naby familie om rondom die sterfbed te verwyl en afskeid te neem voor die liggaam verwyder word. Die begrafnisdiens sal die familie bystaan en met heelwat admin help – bv. registrasie van dood by Binnelandse sake, reëlings i.v.m. begrafnis of verassing, die tyd van die "gedenkdiens", die keuse van 'n kis en druk van 'n program ens. Die familie kan hulle binne twee dae na afsterwe gaan sien om die reëlings te tref.
- Predikant en geestelike ondersteuning. Soms is leraars rondom die sterwensproses betrokke. Andersins kan die kerkkantoor of predikant na die tyd gebel word om die familie by te staan en vir reëlings rondom die gedenkdiens.
- Maak 'n lys van familie en vriende wat gebel moet word om kennis te gee van afsterwe en deel die take rondom praktiese reëlings uit aan naasbestaandes, familie of vriende.

*"Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak (Trooster) stuur om vir ewig by julle te wees"*

1. **Reëlings vir begrafnis/gedenkdiens:**

**1.1 Leraars: Begrafnisondernemer reël altyd eers met een van die volgende:**

| | |
|---|---|
| Ds Henri Meyer | 083 455 6940 |
| Ds Dean Bentley | 084 782 4595 |

**1.2 Kerkkantoor**: As die tyd met die leraar afgespreek is, bespreek dan die kerkgebou by die kerkkantoor (044-691 2465). Die skriba stel die musiekleier en koster in kennis van die tyd van die diens. Bevestig besonderhede bv. Plasing van blomme / foto / kerse / liedere wat gesing of gespeel moet word, met die skriba en koster.

**1.3 Koster:** Johan Rossouw (076 582 0619) vir plasing van blomme ens. in die kerk.

**1.4 Multimedia aanbieding:**
Die powerpoint met fotos moet asb 'n dag/twee by kerkkantoor ingegee word om te toets.

**1.5 Indien 'n video-opname of "live streaming" van die diens gemaak moet word, moet die kerkkantoor 24 uur vooraf in kennis gestel word.**

**1.6 Saterdag – Geen begrafnisse op Saterdae nie.** Indien die familie aandring op 'n Saterdag word 150% van fooie gevra.

2. **Die kis:** Kis word nie in die kerk ingebring nie, maar mag in die voorportaal gelaat word.

3. **Verversings:**
Die kerkkantoor reël dit met die Deernisbediening. Begrafnisondernemers moet mbt getalle vir verversings in gedagte hou dat sowat 80% van die persone wat 'n gedenkdiens bywoon na die tyd gewoonlik gaan tee drink, terwyl omtrent 50% van die begrafnisgangers na die teraardebestelling by die begraafplaas terugkom.
   - Familie vra soms of hulle 'n donasie vir die deernisbediening kan maak. Dit kan by die kerkkantoor inbetaal word. Indien daar spesifieke behoeftes vir verversings is, moet dit so gereël word.

4. **Spesiale versoeke:**
Enige spesiale versoeke (bv 'n lied wat speel of sing) moet asseblief 'n dag/twee voor die tyd by die kerkkantoor ingegee word.

5. **Kostes implikasies:**
Kontak asb die kerkkantoor vir die tariewe tov die koster; orrelis en leraar.